

Skryfboeke-beleid

1. Skryfboeke is ingesluit in die skoolfondsbydrae van die ouers en word eenmalig aan leerders uitgereik. Leerders wat in die loop van die jaar van vak verander, is self verantwoordelik vir die aankoop van boeke hiervoor.
2. Niemand mag skryfboeke of foliopapier uit die boekekamer verwyder sonder toestemming nie.
3. Indien iemand deur die loop van die jaar boeke of foliopapier benodig, stuur 'n briefie aan Mev. Dun met die nodige inligting. Dit sal uitgetel en op die tafel buite die boekekamer gesit word. Sy sal u laat weet sodra dit gedoen is, en u kan dit dan laat afhaal.
4. Elke registeronderwyser is verantwoordelik vir die bestelling van sy/haar registerklas se skryfboeke. 'n Skryfbehoeftes vorm word voorsien en 'n opname in die registerklas moet gedoen word om te bepaal hoeveel leerders elke vak neem. Daarna moet die registeronderwyser bereken hoeveel van elke tipe boek die klas benodig. Hierdie inligting word dan aangedui op die bestelvorm. Die onderwyser(es) kan ook sy/haar skryfbehoeftes wat hy/sy benodig, daarop aandui. Hierdie vorm moet na kamer 15 gestuur word.
5. Die bestelling word dan uitgetel en 'n leerder sal vir die registeronderwyser kom sê sodra die bestelling in kamer 15 afgehandel is. Elke registeronderwyser is SELF verantwoordelik om die boeke in sy/haar registerklas uit te deel.
6. Skryfboeke moet oorgetrek word met papier van eie keuse, en daarna met stewige plastiek. Die Maandag na die eerste tuisnaweek in Januarie moet alle skryfboeke oorgetrek wees. Skryfboeke moet duidelik gemerk word. Instruksies oor die gebruik daarvan sal deur vakonderwysers geskied.
7. Opskrif-instruksies vir alle skryfwerk en eksamenvraestelle is as volg:

	Afrikaans Huistaal	
	Layla van Sitters Graad 12 15 Januarie 2020	
	Vraag 1 1.1	

↑ kantlyn

±1½ cm ↑

- Trek 'n kantlyn aan die regterkant van elke bladsy en laat albei kantstroke skoon.
 - Laat 'n reël oop na elke vraag.
 - Trek 'n streep na elke vraag.
9. Alle skriftelike werk moet in BLOU INK gedoen word met 'n vulpen of 'rollerball'.